Stigtingsjaar 1909

Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. **086 133 3786**
Faks (012) 329 0293
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Tydelike adres: Soutpansbergweg 92
Riviera, Pretoria

Die eerste Jan H. Maraisprys vir 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal is vanjaar toegeken aan prof. H.B. (Hermann) Giliomee. Die prys ter waarde van R500 000 sal op 30 Mei, die verjaarsdag van wyle Jannie Marais, tydens 'n funksie op Stellenbosch aan hom oorhandig word.

Hermann Giliomee geniet internasionale aansien as historikus en kenner van die Suid-Afrikaanse politiek. Sy wye kennis en belangstellings het baie gedoen om by Suid-Afrikaners – en in die besonder by die Afrikaanssprekende gemeenskap – 'n kritiese ingesteldheid te kweek. Hy het ook 'n uiters belangrike rol in die bevordering van 'n verantwoordelike diskoers oor lewensbelangrike kwessies in ons land gespeel, sowel onder apartheid as in die huidige bestel.

Sy werke toon die relevansie van die verlede vir ons hede en die moontlikhede vir 'n rasionele omgang met daardie verlede. Sy lewenslange verbintenis tot onafhanklike denke en sy uitnemende akademiese uitsette in Afrikaans maak van hom 'n waardige ontvanger van hierdie eerste Jan H. Marais-toekenning.

Hy is 'n uiters vrugbare navorser en skrywer, maar sy groot werk was ongetwyfeld *Die Afrikaners: 'n Biografie* in 2003.

Die Jan H. Maraisprys is in 2015 ingestel deur drie van die belangrikste instansies wat hulle bestaan te danke het aan die erflating van Johannes Henoch Marais (1850-1915), vooraanstaande Stellenbosser en voormalige inwoner van Kimberley waar hy sy welvaart opgebou het. Hulle is Het Jan Marais Nationale Fonds, Naspers (Media 24) en die Universiteit Stellenbosch.

Die prys word jaarliks toegeken as erkenning vir 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal deur wetenskaplike werk en publikasies op hoë vlak en van hoë gehalte in Afrikaans.

Die keurkomitee het bestaan uit proff. Andreas van Wyk, oud-rektor van die Universiteit Stellenbosch, as voorsitter; Christoff Heyns, regsgeleerde van Pretoria; Piet Steyn, voormalige navorsingsdirekteur van die Universiteit Stellenbosch; Arnold van Zyl, universiteitsrektor van Stuttgart, Duitsland; en dr. Johan van Zyl, oud-rektor van Universiteit Pretoria en voormalige hoof van Sanlam. Prof. Debra Meyer, hoogleraar in biochemie aan die Universiteit van Johannesburg, se moeder is verlede week oorlede en sy kon die vergadering dus nie bywoon nie.

Die prys van R500 000 sal weer in 2017 toegeken word. Die aanwending van die prysgeld is in die hande van die ontvanger.

-o0o-

Vir verdere inligting, kontak:

- Prof. Andreas van Wyk, tel. 082 809 3113, e-pos ahvw@sun.ac.za
- Prof. Hermann Giliomee, tel. 079 353 9395 of 021 883 2964